Maandag 20 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 65
Fokusgedeelte: Psalm 65:5

Die Here gee uitkoms

Dit reën nie baie in Messina nie. Reën is ’n ongewone verskynsel in so ’n droë klimaat. Tog, as daar bietjie reën val, sien mens die absolute dankbaarheid van die boere raak. Psalm 65 sal my altyd daaraan herinner, hierdie Psalm soos Totius in vers 1 berym het, “na bange tyd van somerdroogte, is daar die uitkoms weer”, en hoe die boere en gemeentelede dit saamsing in opregte dankbaarheid.

Psalm 65 beskryf die magtige wonderdade van God. “U sorg vir die land, U maak dit baie vrugbaar.” Voor dit kan gebeur, sorg die Here God vir iets so eenvoudig en alledaags soos reën. ’n Mens verwag baie keer dat God moet ingryp in die groot dinge, dat ons baie keer die klein wonderwerke miskyk.

Hier fokus Dawid weer die mens se gedagtes op die volle glorie van die God wat ons aanbid. Groot en klein, selfs in die vanselfsprekende, soos reën. Droogte kan ons herinner aan hoe nodig ons God se direkte ingryping in ons eie lewe en in die land se lewe het. God wat die hemele kan oop- en toesluit. En dan, wanneer die hemele oopgaan, hoe wonderlik is dit nie!

Net so dankbaar soos ’n boer ná goeie reënval, so dankbaar moet ons ook wees oor die magtige ingryping van die Here in elkeen van ons se lewe. Ons was dor, dood in ons sonde, en die seën van die hemel af het soos reën op ons geval, om ons uit die kloue van die dood te ruk en ons lewende, vrugbare dele van die ware Wingerdstok te maak, ingeënt in die EEN wat lewe gee.

Sing: Psalm 65-1:1, 2

Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)